Republikein
Jou land. Jou taal. Jou koerant.

Published on *Republikein.com.na* (http://republikein.com.na.81-169-128-186.nmhhost.com)

Die vyf kerke van Rooibank en Scheppmannsdorf

Submitted by Republikein on Fri, 2014-06-20 13:22



Scheppmannsdorf soos dit in 1846 uitgesien het na aanleiding van ’n skets deur sendeling Knudsen. Foto Walter Moritz

Scheppmann se kerk op Rooibank. Die gebou is in 1970 ingewy. Foto Walter Moritz

1845 is ’n betekenisvolle jaar vir die sendelinge van die Rynse Sendinggenootskap in Duitsland. Vir die eerste keer is dit moontlik dat hulle per skip na Suidwes-Afrika kan reis, in teenstelling met vorige bootreise na Kaapstad om van daar met ? ossewa noord te reis, ? tog wat drie maande of selfs langer kan duur. Sendelinge Johannes Rath en Heinrich Scheppmann stap dus op 4 Januarie 1845 as skeepspassasiers by Walvisbaai aan wal. Scheppmann vertrek na die binneland om ? roete langs die Swakoprivier tot by Otjikango (Gross Barmen) te vestig. Naby Otjimbingwe val hy in die berge en sy vuurwapen gaan af wat hom met ? wond in sy een hakskeen laat. Op Otjikango aangekom verwyder die sendeling Hahn die patroon met ? tang uit sy hakskeen. Hy word ook daar as sendeling ingeseën met Rooibank (in die Santaal /Awa -!Haos) as sy standplaas. Sy gewonde hakskeen neem weke om gesond te word en hy kom eers op 4 Desember 1845 op Rooibank aan. Die gehuggie bestaan uit ongeveer driehonderd Topnaars wat van die !Nara- en ander wilde vrugte asook vis lewe. Teen Kersfees het hy vir hom ? huisie opgerig met die gedroogde vel van ? renoster wat hy op sy tog van die kus geskiet het, wat as die voordeur gebruik word. Sy kerkdienste hou hy onder ? groot ou anaboom. Hy begin om ? kerk van riete te bou wat ongeveer ses maande duur om te voltooi en sowat veertig mense woon dienste op ? gereelde grondslag by. Scheppmann doop sy sendingstasie Keetmannsdorf ter ere van Johann Keetmann, die president van die Rynse Sendinggenootskap. Ongelukkig word Keetmannsdorf twee keer deur die Topnaar-leier Kachab aangeval en verwoesting word elke keer gesaai terwyl al die beeste ook gesteel word. In 1847 woon Scheppmann die

sendelingkonferensie op Rehoboth by waar hy siek word en op 29 Augustus van daardie jaar sterf. Sy liggaam word op Rehoboth begrawe. Jan Bam volg vir Scheppmann in Desember 1847 op Rooibank op en herdoop die plekkie Scheppmannsdorf. Jare later, op 14 Julie 1854, skryf hy in sy dagboek: “Aangesien geen boumateriaal beskikbaar is nie en die kanse om enige te kry maar skraal is, moet ek riete gebruik om ? kerk te bou, waarmee ek die afgelope 14 dae geslaag het.” Jonker Afrikaner, die Oorlam-volk se leier, skryf ? brief aan sendelinge wat op Walvisbaai aankom dat hulle as gevolg van oproerigheid in die binneland, eerder op Rooibank moet oorbly. Maar die oproerigheid het ook na die sendingstasie daar oorgespoel en 13 beeste word gesteel. In die bittere klam winterweer ly die sendelinge weens ? kosskaarste en hulle probeer vis op Sandwich-hawe in die hande kry. Die sendeling Kleinschmidt besoek Rooikop in 1855 om ? paar kratte te kry en om Luther se Small Catechism in die Nama-taal te laat druk. Hy en Bam druk driehonderd eksemplare waarvan die skrywer van hierdie artikel op een in die Nasionale Biblioteek in Kaapstad afkom. Jan Bam sterf op 8 Mei 1956. ? Setlaar by name Engelbrecht Krapohl sit Bam se werk op Rooibank voort. Hy rig ? skrynwerkerswinkel in en probeer om die Topnaars te leer hoe om ? tuinery te begin. Hy word deur die sendeling Eggert opgevolg, maar aangesien feitlik al die Topnaars die sendingstasie verlaat het, trek hy na !Hei//gamxab langs die Swakoprivier waar hy “tussen leeus en wolwe” woon. Hy keer eers in 1867 na Rooibank terug.Twee jaar later neem kategis Baumann by hom oor en hy bou ? kerk van houtpale wat op 15 Junie 1879 ingewy word. Baumann verlaat die sendingstasie op Rooibank egter in 1883. In 1890-91 word ? voorafvervaardigde houtkerk op Walvisbaai aanmekaar gesit. Die kerk kom van die Rynse Sendinggenootskap in Duitsland en Rooibank en Sandwich-hawe word geaffilieerde gemeentes. Baumann se kerk op Rooibank val in 1895 inmekaar en die sendeling Johann Böhm wat sedert 1881 op Walvisbaai werk, herbou dit. Die kerk word ook as ? skool gebruik. In 1965 neem die sendeling Walter Moritz beheer oor van die Rynse Sendinggenootskap se gemeente op Walvisbaai, wat die Topnaar-gemeenskap langs die Kuisebrivier insluit. In daardie stadium is ? behuisingskompleks vir die personeel van die nuwe waterwerke op Rooibank gebou. Die Topnaars vra of ? nuwe kerk vir hulle nie opgerig kan word nie, aangesien niks van die vorige kerkgebou onder die palmbome oorgebly het nie. Die kerk se vorige perseel kan ongelukkig nie gebruik word nie, omdat dit in die gebied geleë is waaruit water onttrek word. Mnr. Stengel van die departement waterwese is egter behulpsaam om in 1967 ? geskikte perseel aan te wys en die stuk grond word geïdentifiseer deur middel van ? kennisgewingbord waarop staan: “Terrein vir Rynse Sendingkerk”. Lidmate van die Rooibank-gemeente doen die eerste stappe om die bouproses aan die gang te kry en mans, vroue en kinders werk saam. Gruis word in die woestyn gaan haal om vir die fondament gebruik te word en bouwerk begin op 1 September 1969. Moritz ry elke Saterdag na Rooibank om hand by te sit en op 30 Augustus 1970 word die nuwe kerkgebou in die teenwoordigheid van die direkteur van die Rynse Sendinggenootskap, pastoor Gustav Menzel, ingewy. Die seremonie is voorafgegaan deur ? spesiale diens onder die palmbome waar die ou kerk gestaan het. Lidmate van die gemeentes op Swakopmund en Walvisbaai woon dit in groot getalle by asook gaste wat van heinde en ver kom. Vyftien kore tree op waarna klokke lui toe die aanwesiges deur die droë bedding van die Kuisebrivier na die nuwe kerkgebou beweeg. Melding moet gemaak word van die doopvont deur Erich Knupp. Dit beeld die verskillende kerke van Rooibank uit en bevat ook die name van al die sendelinge wat daar gewerk het. Later is ? gedenksteen op die perseel van die eertydse sendingstasie opgerig. Walter Moritz.

Source URL: http://republikein.com.na.81-169-128-186.nmhhost.com/rubrieke/die-vyf-kerke-van-rooibank-en-scheppmannsdorf.224953